Untitled Document

Angie Kleijn

Rita Matthee van Rayton het die Schoeman-familiebybel, wat kenners skat so 350 jaar oud is, in haar b

Dié Bybel was in die 1870's reeds stokoud, want baie van sy bladsye wat uitmekaar begin val het,



Die Schoeman-familiebybel by die Schoemanwapen. Volgens 'n papier in die Bybel, simboliseer d

In die Bybel was ook 'n tere liefdesbrief, 'n raaiselagtige lok grys hare en 'n handgemaakte boekm

Rita, 'n nooi Schoeman, vertel dat sy die Bybel in 1969 geërf het toe haar pa, Jacobus Frederick S

Rita se broer het ‘n handgemaakte horlosie, wat hulle oupa as krygsgevangene op St Helena gem

Rita se broer, Johannes

2 April 1955, lyk baie na kommanda

Stephanus Schoeman, die ZAR se eerste kommandant-generaal

.

Trekke

Rita het besluit om ***Die Bronberger*** te kontak ná sy generaal Stephanus Schoeman se foto in ons Junie-uitgawe gesien het en besef het dat haar broer, Johannes Stephanus, wat na sy oupa vernoem is, op ‘n druppel water soos dié generaal lyk. Hy het nou wel nie rooi hare nie en is glad nie so kwaai soos die generaal was nie, sê Rita.

Rita se familie foto-album wys ook dat hulle oupa dieselfde familietrekke het. Sy weet dat

haar oupa saam met generaal Schoeman se broer op Vissershoek in die Brits-omgewing geboer het. Hy is ook daar onder ‘n ou wildevyboom begrawe. Haar ouma, Maria Elizabeth, is egter in Pretoria se Rebeccastraat-begraafplaas begrawe. Sy het geweier om saam met die Schoemans op Vissershoek begrawe te word en het gedreig dat sy haar “beentjies sal optel en loop” as hulle haar daar in die aarde sit.

Rita as baba by haar ouma, Maria Elizabeth Schoeman, bekend as Ouma Non

Rita se ma, Susanna Magdalena Abramha, ‘n nooi Zietsman, lewe nog en bly saam met haar op Rayton. Sy en Rita se pa, Jacobus Frederick Schoeman, is op 15 September 1951 in Pretoria getroud toe Susanna 18 jaar oud was en Jacobus 24. Op die huweliksertifikaat staan daar dat altwee Susanna se ouers toe reeds oorlede was.

Jacobus is op 19 Junie 1927 op Vissershoek gebore. Hy was op De Wild in die laerskool en op Brits in die hoërskool en het later jare as litograaf by die Staatsdrukker in Pretoria gewerk.

Rita se oupa, Johannes Stephanus Schoeman

Erf

Rita vertel dat al die ou Schoemans reeds oorlede is en dat daar niemand oor is om te vra presies hoe die erf-prosedure gewerk het sodat die familiebybel by haar oupa beland het nie.

Volgens familie-oorlewering het die Bybel saam met die eerste Schoemans die land ingekom. Die Bybel is egter in hoog-Hollands en nie in Duits nie, wat die eerste Schoemans se moedertaal was.

Die Statebybel was die Bybel waarmee Jan van Riebeeck na die Kaap gekom het. Dit is die Bybel wat vanaf 1652 tot 1933 met die aanvaarding van die Afrikaanse Bybelvertaling, gebruik is.


Heidelberg, 6 April 1875.






Schoeman

Dié bladsy is reggemaak met 'n koerant wat sê: Pretoria, ZA Republiek, Zaterdag 5 Junie 1875

Laatste
XXII.—De
in de

Jul’ Schoeman se familiebybel het vroeër jare op ’n plaas in die Bethulie-distrik gestaan en sy kant-en-klaar-spesiale bestemming gevind.